



Die HERE is my herder

Teks vir die preek:

“Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen...”.”

Psalm 23

RM Retief

© by skrywer - 2012
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 33:1, 5 en 6
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 119:33, 39
5. Gebed
6. Skriflesing: Esegïël 34
7. Teks: Psalm 23
8. Preek
9. Sing Psalm 23:1-3
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 33:9-11
13. Seën

Sing: Ps. 33: 1, 5, 6
Ps. 119: 33, 39
Ps. 105: 5
Ps. 91: 1, 6, 8
Ps. 23: 1 – 3
Ps. 33: 9 – 11

Skriflesing: Ese 34 en Ps. 23
Teks: Ps. 23

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

In Sondag 9 van die Heidelbergse Kategismus bely ons onder andere dat die Vader ons met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg. “Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander, omdat Hy dit as ‘n almagtige God kan en ook as ‘n getroue Vader wil doen.”

Hy regeer en onderhou ook alle dinge, op so ‘n wyse dat niks per toeval gebeur nie. Ons ontvang alles in hierdie lewe uit sy Vaderhand.

So glo en bely ons dat die almagtige God ons Vader is wat ons in alles versorg en alles tot ons beswil beskik. By die doop, soos dit ook vanoggend bedien is, bevestig God dat Hy vir ons ‘n God en Vader sal wees, vir ons en ons kinders.
So ken en bely ons God as ons Vader wat vir ons sorg.

Hier in Psalm 23 is dit egter die Seun, Jesus Christus, wat ons goeie Herder genoem word. Ja, die Vader is die Een wat ons versorg, maar Hy doen dit deur sy Seun en deur die werking van sy Gees.
Hier in Psalm 23 word ons aandag nou gevestig op die Seun, wat sy kudde red en versorg.

Die Heilige Gees lei ons ook deur hierdie psalm na Christus toe. Psalm 23 verkondig reeds die evangelie aan ons van **Christus** se reddende en versorgende werk as ons Herder. Vanmôre wil ons op drie sake let:

1. dat Dawid, hier in Psalm 23, **Christus** bely;
2. hoe Christus ons soos ‘n herder **in alles versorg**;
3. dat Christus vir ons **‘n fees berei**.

In die eerste plek let ons daarop...

1. dat Dawid in hierdie psalm Christus bely.

Daar in Israel was ‘n trop skape. Maar die herders wat die skape moes oppas, het die skape opgeëet; en hulleself met die wol aangetrek. Die swak skape is nie versterk nie, die siekes is nie gesond gemaak nie, die wat gewond was, is nie verbind nie, die wat verdryf is, is nie teruggebring nie, en die wat in die wildernis verlore geraak het, is nie opgesoek nie. Die herders het met hardheid oor die skape geheers.

Die kudde is verstrooi, omdat daar geen herder was nie. Die skape het ‘n prooi geword vir al die wilde diere van die veld. Hulle het rondgedwaal op die berge. Die kudde is verstrooi oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.

Hierdie verstrooide kudde was die volk Israel in die tyd van Esegïel. Dit was God se kerk in die Ou Testament wat in ballingskap gegaan het weens hulle sonde, maar ook omdat hulle herderloos geraak het.

Die slégte herders was die valse profete wat die skape nie gevoed het met God se Woord nie. Profete wat nie omgee het as die kudde verstrooi raak en afdwaal van die lewende waters nie. Valse herders, wat soos wrede wolwe die skape verslind het. Solank hulle hulself kon voed met die vetste skape en hulle kon klee met die wol van die kudde, was hulle tevrede. Dit het nie vir hulle saak gemaak wat van die kudde word nie, solank hulle self maar gevoed en klee is.

In daardie tyd profeteer die Here deur Esegïel en sê: “Kyk, hier is Ek, en **Ek** sal na my skape vra en vir hulle sorg. Soos ‘n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid. En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel... Op ‘n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei... Daar sal hulle lê op ‘n goeie plek en wei in ‘n geil weiveld op die berge van Israel. **Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE**” – Esegïel 34:11-15.

Dit is geskryf in ‘n tyd van deformatsie, toe dit gelyk het of die kerk tot niet sou gaan. Die profete was voorspoedsmanne, manne wat vrede verkondig, ook wanneer die kudde wegdwaal en op die afgrond afstuur.

En in hierdie gevaarlike tyd van kerklike verval, van verstrooïng en verwarring, waar kinders van die verbond verdwaald raak, kom die Here met die belofte: Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus.

“...Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en Hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid; Hy sal hulle laat wei, en Hy sal vir hulle ‘n herder wees” – Esegïel 34:23. Die profesie is geskryf honderde jare ná Dawid. Die “Dawid” wat daar belof word, kan dus nie Dawid self wees nie. Die Skrif self sê vir ons wie die vervulling van daardie profesie is. Die een enkele Herder wat God oor sy kerk verwek het, is die Seun van Dawid, die Christus, wat in al die profesieë vooruit verkondig is.

Om te sê dat die kerk ook in die Ou Testament die kudde van Christus was, is nie ‘n allegorie wat self uitgedink is nie. Christus self trek die lyn van Psalm 23 na Homself en sê: “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.”

Jákob profeteer reeds van die Christus wat kom en hy noem Hom: “die Herder van Israel” – Genesis 49:24. Reg van die begin af, reeds daar in Genesis, word dit verkondig dat die Here uit Jakob ‘n Herder sal verwek.

Maar, terselfdertyd het daardie Herder wat sal kom, reeds vir Jakob versorg. “Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, **die Engel** (Engel met ‘n hoofletter – dit is die Engel van die verbond, die Seun van God) **wat my uit elke teëspoed verlos het ...**” – Genesis 48:15, 16.

Hoor u wat sê Jakob? Hy praat van “die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe.” En wie is hierdie God? Die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het. Die Engel van die Here, wat self ook Here is, Hy is die Herder wat my my lewe lank gelei het en my van elke teëspoed verlos het.

Dit is met ander woorde nie 'n nuwe beeld wat Dawid gebruik as hy hier, in Psalm 23, die komende Christus met 'n Herder vergelyk nie. 'n Herder wat sal kom, maar wat terselfdertyd in die OT reeds werksaam is.

Die Engel van die verbond was reeds bekend as 'n Herder wat sy skape oppas en versorg, wat hulle rus gee, wat hulle voed en lei, wat hulle lewe van die dood red.

Ja, hierdie Herder sal nog veel meer doen: Hy sal ons in sy huis neem waar Hy ons aan tafel voed en met olie salf. Hy maak ons sy eiendom om vir ewig in sy huis te woon – in lengte van dae.

Jesaja profeteer van Hom en sê: “Kyk, die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei” – Jesaja 40:10, 11. 'n Magtige Herder, wat sal heers. 'n Herder wat medelye sal hê met die skape.

In die NT word dit nog duideliker dat hierdie goeie Herder niemand anders is nie as **ons Here Jesus Christus**.

Die apostel Paulus sê aan die ouderlinge van Efese: “Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, **wat Hy deur sy eie bloed verkry het**” – Handeling 20: 28.

Die apostel sê: **God** het die gemeente verkry deur sy eie bloed. Die Herder wat die kudde met sy bloed gekoop het, word God genoem. Die Een wat sy bloed gestort het, en self ook God is, kan niemand anders wees nie as Jesus Christus.

Hy is “die groot Herder van die skape” – Hebreërs 13:20. Hy is “die Opperherder” – 1 Petrus 5: 4.

En dit is nou hierdie Herder, ons Here Jesus Christus, wat in Psalm 23 aan ons verkondig word.

In die tweede plek let ons op...

2. hoe Hy ons soos 'n herder in alles versorg.

“Die HERE is my herder...” In ons vertaling is dit HERE met vier hoofletters. In die Hebreëus is dit Jawe. Die Vader sowel as die Seun word in die Ou Testament Jawe genoem. Hier in Psalm 23 handel dit spesifiek oor die Seun.

Die kudde behoort aan Hom. Dit is ook van Hom wat ons sing in Psalm 100: “Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.”

Dáárom sal niks my ontbreek nie – vers 1. Wánt: Jawe, die almagtige God wat hemel en aarde gemaak het, het met ons 'n verbond gesluit, Hy vergader vir Hom 'n kudde as sy eiendom, en óns is die skape van sy weide, sy kudde.

Gemeente, dit is nie 'n god wat ver en vreemd is nie, maar die lewende God wat met ons praat, wat Homself aan ons geopenbaar het, wat Homself aan ons verbind het, wat elkeen van ons afsonderlik en ook almal saam as een kudde, ons lewe lank lei en voed en bewaar.

Daarom kan Dawid die Here “**my** Herder” noem. Want daar is nie net ‘n gemeenskaplike band tussen die hele kudde en Christus nie, daar is deur die geloof ook ‘n persoonlike band: Die Here **my** Herder.

In lewe en in sterwe behoort ek aan Hom. Dit is my enigste troos in hierdie lewe.

Wanneer Hy Hom aan ons as die Heilige openbaar, as die almagtige God, en as die ewige Skepper, dan word ons met ‘n heilige vrees vervul. Maar, die woord Herder is gevul met troos. By Hom is ek veilig. Hy versorg my.

Die verse wat nou volg, beskryf dan ook sy herderlike versorging.

“Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is lei Hy my heen.”

Die profete en die psalms verwys dikwels na Israel se verlossing uit Egipte, en dan word dit dikwels genoem dat die Here hulle soos ‘n herder deur die woestyn gelei het.

“U het u volk soos skape gelei...” – Psalm 77: 21.

“O Herder van Israel, hoor tog; U wat Josef soos skape lei...” – Psalm 80:2. En daar is nog meer sulke gedeeltes.

Die groen weivelde is dan iets besonders. Want s nder die Herder se versorging en leiding sou die skape in die dorre wildernis verdwaal. Dit is net die Herder van Israel wat weet waar daar vir die skape weiding is. In die dorre wildernis vol gevare is die skape volkome afhanklik van hul herder. Net Hy kan hulle lei na waters waar rus is.

Die wêreld om ons is inderdaad ‘n wildernis, waar geen rus te vind is nie. En in hierdie dal van doodskaduwee kom Christus om te soek wat verlore is, om die skape wat weggedryf is terug te bring, om die wat gewond is te verbind en die siekes te versterk.

Christus is die goeie Herder. **Hy** gee ware weiding en strome van rus.

“**Hy** verkwik my siel...” Ons sou die Hebreus ook kon vertaal: “Hy laat my siel terugkeer.” Hy laat my siel herleef. Ja, Hy verkwik my met nuwe lewe.

Die res van die sin volg dan logies, as hy sê: “Hy lei my in die spore van geregtigheid...”.

My siel was dor en smagtend, maar Hy verkwik my, Hy plaas my voete op die pad van die lewe. Hy lei my na waters waar rus is.

Soos skape dwaal ons voortdurend af van die regte pad. En soos ‘n herder bring die Here ons voortdurend weer terug.

Die spore van geregtigheid sou ons ook kon vertaal: die régte spore; die regte pad.

‘n Skaap is geneig om voortdurend af te dwaal. En dit is nie sonder rede dat die Here ons met skape vergelyk nie. Hoewel Hy ons die nuwe lewe geskenk het, het ons nog steeds ‘n sondige natuur waarteen ons ons hele lewe lank moet stry, en is ons nog steeds geneig om voortdurend **af te dwaal van die lewende God**, en onself te beroof van die weiding en die rus wat Hy gee.

Wanneer ons sondig, dan bedroef ons die Heilige Gees en bring ons baie ellendes oor onself. Dit is die goeie Herder wat ons dan telkens weer opsoek en bekering skenk, wat ons voete telkens weer op die regte pad rig.

Hy skenk ons die berou wat ons nie self sou gehad het nie. Hy oortuig ons van ons dwaasheid, terwyl ons nog reken dat ons wys is. **Hy** bring ons telkens terug, sodat ons op

die pad van geregtigheid na groen weivelde gelei word en na strome van rus. Ja, Hy verkwik my siel, Hy laat my weer herleef.

Hierin is ons sekerheid. **Hy** sal ons laat volhard tot die einde; **Hy** sal ons lei in die spore van geregtigheid, dit is: op die pad van gehoorsaamheid.

As dit nie daarvoor was nie, sou elkeen van ons verseker afdwaal en verlore raak. Maar Hy troos ons met die belofte: **Ek** gee julle die ewige lewe, en julle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal julle uit my hand ruk nie.

Ja, Hy lei ons in die spore van geregtigheid, sodat ons nie in ons skaapagtigheid verdwaal en verlore gaan nie.

Hy is “die Herder en Opsiener” van ons siel – 1 Petrus 2: 25.

Hy verkwik my siel. Hy maak my siel weer nuut. Wat ‘n heerlike bevryding wanneer Hy ons voete weer rig om sy wil te doen, om te wandel in die spore van sy geregtigheid, op die pad wat Hy vir ons berei het.

En dan sê Dawid verder dat die Here hom op die regte pad lei, **om sy Naam ontwil**. Christus doen dit sodat sy Naam in ons verheerlik sal word.

Soos Hy ook in Jesaja sê: “Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg **om My ontwil**, en aan jou sondes dink Ek nie” – Jesaja 43: 25.

Die Here laat ons siel herleef, nie om ons ontwil nie – nie omdat ons dit verdien nie, nie omdat ons so hard probeer het nie – maar om sy groot en heilige Naam ontwil.

“...Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul wandel en hul handelinge. En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle my heilige Naam ontheilig deurdadig van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek.

Toe het dit My ter harte gegaan **om my heilige Naam ontwil** wat die huis van Israel ontheilig het onder die nasies waar hulle gekom het.

Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit **nie om julle ontwil nie**, o huis van Israel, maar **ter wille van my heilige Naam** wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het. En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hulle oë as die Heilige laat ken... Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel” – Esegïel 36:19-23 en vers 32.

Hy lei ons op die pad van geregtigheid om sy Naam ontwil. Wat onself aan betref, het ons net rede om ons te skaam oor ons eie weë.

Dit is alleen sy genade en sy herderlike sorg wat ons telkens weer terugbring en ons voete plaas op die pad van gehoorsaamheid, van heiligmaking, die pad van geregtigheid wat **Hy** vir ons berei het sodat ons daarin kan wandel.

Die pad is klaar vir ons berei, en tog is dit nie ‘n maklike pad nie. Op sigself is dit ook nie ‘n veilige pad nie. Dawid wys ook op die dreigende gevare.

“Al gaan ek ook in ‘n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie...”

Die dal van doodskaduwee wys op doodsgeware. Jeremia sê dat die Here Israel in die woestyn gelei het, in ‘n land van wildernis en kuile, in ‘n land van droogte en

doodskaduwee, in 'n land waar niemand deurtrek en waar geen mens woon nie – Jeremia 2: 6.

Die woord “doodskaduwee” word op baie plekke vir ons beskryf: “Die wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en ysters...”, het die Here aangeroep “in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee laat uitgaan en hulle bande verbreek” – Psalm 107:10, 14.

Die doodskaduwee word beskryf as gevare en ellendes, benoudheid en angste, gevangenskap in ysters. En 'n lánd van doodskaduwee word beskryf as 'n wildernis, 'n land van droogte en gevare.

Maar die woord doodskaduwee kan ook wys op die dood self. So praat Job byvoorbeeld van sy moontlike sterwe en sê: “...voordat ek heengaan – en nie terugkom nie – na die land van duisternis en doodskaduwee, 'n land van donkerheid, soos middernag, van doodskaduwee en wanorde...” – Job 10:21, 22.

So beskryf hy die dóeryk as 'n land van doodskaduwee.

En nou sê Dawid: “Al gáán ek ook (al wándel ek ook) in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie.”

Want die goeie Herder – in die taal van die NT – het die sleutels van die doderyk en van die dood – Openbaring 1:17, 18. Die dal van doodskaduwee kan ons nie meer verskrik nie.

“Ek sal geen onheil vrees nie” beteken nie dat geen onheil oor Dawid sal kom nie, maar dat hy te midde van alle onheil steeds veilig is – terwyl hy in die doodskaduwee is, sal hy dit nie vrees nie.

Ook al loop ons in hierdie lewe deur 'n wildernis, soos skape in 'n dorre woestyn, of in 'n dal van doodskaduwee, ook dan is die Here met ons.

Dit is nie 'n voorspoedsteologie wat hier verkondig word nie. Psalm 23 leer ons nie dat alles maklik en voorspoedig gaan met die gelowige nie, máár: dat die gelowige te midde van allerlei ellendes steeds weiding en rus vind, en steeds onbevrees leef, selfs in die skadu van die dood.

Dawid bely dat hy volkome veilig is in Christus se pastorale sorg. En hy sê dit nie as iemand wat geen ervaring het nie. Hy sê dit as 'n ervare stryder, wat die stryd van die geloof reeds leer ken het. Dawid het reeds deur ménige dal van doodskaduwee gegaan, van sy jeug af.

Dawid se hele lewe is deur stryd en gevare gekenmerk, reeds as jong seun toe hy die leeu en die beer doodgeslaan het, reeds as jong man voor die reus Goliat; as krygsman teen menigtes Filistyne, as vlugteling voor Saul.

Laat ons saam met Dawid ons oë ophef na Hom wat ons Opperherder is, wat reeds die verskrikking van die dood namens ons gedra het, sodat ons nie meer hoef te vrees nie. Christus is deur God verlaat toe Hy uitgeroep het: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” sodat óns nooit deur God verlaat sal word nie.

Ek sal geen onheil vrees nie, “...**want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.**” Dawid maak 'n vergelyking. Soos wat die herder die wilde diere met sy stok slaan en verdryf, en die skape met sy stok beskerm, so is die Here se oordele en strafgerigte oor die goddelose ook vir hom tot troos. En soos wat die herder dieselfde stok as staf gebruik om die skape mee te lei en hulle van gevaar weg te keer, so is ook die Here se **leiding** en **beskerming** vir hom tot troos.

Aangesien die boek Spreuke dieselfde woord wat hier met stok vertaal is, so gebruik dat dit roede of tugroede beteken, kan ons ook daaraan dink dat die Here ons lei en bewaar deur middel van sy tug. Dat Hy ons ook dáárdeur beskerm en bewaar.

Die klem val hier, in die dal van doodskaduwee, veral op die bewaring teen doodsvyande en vyande – en dan kan ons in hierdie verband dink aan ons drie doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur.

Daarvoor gebruik die Here sowel strafgerigte teen ons vyande as die tug van sy woord, waardeur Hy ons lei en bewaar.

Hiermee word die beeld van die herder met sy kudde afgesluit. In die twee verse wat nou oorbly, gebruik Dawid 'n ander beeld; die beeld van 'n gasheer wat sy gaste koninklik in sy huis onthaal. 'n Fees in die huis van die Here.

Daarop let ons in die derde plek...

3. dat Christus vir ons 'n fees berei.

“U berei die tafel”, dit beteken: U berei die maaltyd – 'n maaltyd waar die Gasheer sy gaste met olie salf en die bekere oorloop – 'n koninklike feesmaaltyd.

Die goeie Herder het gekom sodat ons lewe en oorvloed kan hê – Johannes 10:10.

Hier word baie duidelik gewys op oorvloed. U maak my hoof **vet** met olie, my beker loop oor.

Die olie wys hier op geurige welriekende olie, waarmee die gaste gesalf is by so 'n feesgeleentheid. Die Skrif noem dit op verskeie plekke ook vreugde-olie. Daar is ook geen tekort aan wyn nie: die bekere loop oor. 'n Vreugdevolle oorvloedige feesmaal word berei.

Dit word berei teenoor my teëstanders, teenoor dié wat my haat en vervolg. My vyande weet dit en hulle sien dit, maar is magteloos om God se guns aan my te verhinder.

Ons sien hier weereens dat dit geen voorspoedsteologie is nie. Dawid is nie sonder vyande nie. Sy lewe is 'n stryd. Alles gaan nie maar rustig en vredig nie. Nee, te midde van die stryd, **terwyl** sy vyande dit aanskou, word daar vir hom 'n vreugdefees berei.

Die Here gee ons die beker aan die nagmaalstafel sodat ons lewe in oorvloed kan hê – te midde van die stryd. Hy voed ons met die beste spys, ja, met sy eie liggaam. En niemand kan dit verhinder nie. Niks kan ons van God se milddadige goedheid in Christus skei nie.

Al lê die vyande ook soos wrede wolwe en loer op ons lewe, mag ons rustig wei in groen weivelde by waterstrome. Te midde van stryd mag ons aansit aan die feesmaal wat Christus vir ons berei het.

Hoe verstaan ons dit dan as hy sê: “Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe...”?

Dawid sê dit nie omdat sy lewe op aarde sonder teëspoed is nie, maar omdat hy in die geloof vashou aan God se belofte, aan die guns wat hom toegesê is.

Die goedheid van die Here is dat die Here hom soos 'n herder sal versorg en bewaar te midde van baie gevare. Die maaltyd word berei **terwyl** hy deur die dal van doodskaduwee gaan, terwyl sy vyande toekyk.

Die guns waarvan hy praat, is niks anders nie as onverdiende genade. Dit is op die Here se genade wat Hy sy vertroude bou. Op grond van God se Woord weet hy dat die genade nié van hom sal wyk nie.

Gemeente, dit is 'n ewige goedheid en guns wat ons toegesê is, al die dae van ons lewe.

Dit is nie 'n feesmaal wat kom en gaan nie, maar 'n vaste verblyf in die huis van die Here. Hy woon die feesmaal nie net by as 'n gas nie, maar as 'n kind in sy vader se huis. "Ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae."

Dawid weet dat die huis van die Here wat met hande gemaak is, die tent van samekoms, nie ewig sal bly nie. Die nuwe tempel van Salomo is ook nog nie gebou nie. As hy dan praat van die huis van die Here waarin hy **vir altyd** sal bly, kan dit niks anders beteken nie as dat hy vooruitgesien het na die ewige wonings van die Here wat in die hemel vir ons berei word.

Ja, op aarde het ons reeds 'n vóórsmaak daarvan wanneer ons in die huis van die Here saamkom om by sy altare gevoed te word, hier in die erediens waar die tafel vir ons gedek word en ons mag aansit en eet. Hier waar ons die ware voedsel ontvang en rus vind vir ons siele.

Maar die huis waar ons ewig sal woon, is uiteindelik nie hierdie aarde wat met sonde besmet is nie, waar die dood 'n skaduwee oor ons werp nie. Die Gees rig ons oë op na die éwige wonings wat vir ons berei word.

Die goeie Herder belowe ons: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei" (Johannes 14:2).

Ten slotte

"Ons **almal** het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom" (Jesaja 53:6).

Die goeie Herder het sy lewe afgelê vir die skape.

Niks sal my ontbreek nie. Want Hy is God met ons. Hy het gekom sodat ons lewe en oorvloed mag hê.

Laat ons dan te midde van alle stryd en gevaar op Hom vertrou. **Hy** het die sleutels van die doderyk en van die dood. Aan Hóm is gegee alle mag in die hemel en op aarde. In sy hand is ons veilig. Jesus Christus is die goeie Herder wat ons ons hele lewe lank lei en voed en bewaar en met alles versorg.

Hy het vir ons 'n feesmaal berei, ja, die bruilof van die Lam. En as sy bruid sal Hy ons in sy huis ontvang, vir ewig.

Verbly jou in die hoop, want daar is 'n ewige woning wat vir ons berei is, waar geen doodskaduwee sal wees nie, geen gevaar of honger of dors nie, maar goedheid en guns alleen.

Ja, sy goedheid en guns sal ons ook in hierdie lewe nooit verlaat nie. Gló die evangelie en vertrou jou toe aan hierdie God, wat ons ons lewe lank in alles versorg.

Laat ons dit wat God in sy Woord aan ons beloof, glo. En laat ons deur die geloof ook elkeen persoonlik bely: die Here is **my** Herder, niks sal my ontbreek nie!

Amen.